

**Saterdag 21 November**

**Skrifgedeelte: Amos 3:1-15**

**Fokusgedeelte: Amos 3:3**

**Omring deur die Here se Vaderliefde – dit bring soms teëspoed**

**A**mos was 'n skaapboer wat op 'n besondere manier deur die Here gebruik is. Hy het in Juda gebly en teen Israel geprofeteer. Wat Israel se finansies betref, het dit met die volk goed gegaan, maar op 'n morele vlak was hulle op een van die laagste punte in die geskiedenis. Die rykes het die armes uitgebuit en onderdruk. Daarom stuur die Here sy profeet om hulle te waarsku. Hulle moet hulleself bekeer of die gevolge dra.

In vers 3-8 is die boodskap duidelik: Indien hulle aanhou met sonde, sal die Here hulle tot bekering ruk deur hulle te straf. Omdat die Here hulle uitverkies het, wil Hy die pad enduit met hulle stap. Al beteken dit Hy moet hulle as volk vernietig tot redding vir hulleself. Die vyand sal die eiendom wat onwederregtelik afgeneem is, wegstroop. Hierdie hooggeagte mense wat die duurste goed besit, gaan slegs hulle eie lewens kan red, en dit met groot moeite. In vers 12 word die metafoor gebruik om te wys dat hulle net-net hulle eie lewens gaan red.

Al hierdie dinge laat die Here toe om hulle tot bekering te ruk. Selfs deur teëspoed kan ons die sorg en bemoeienis van die Here sien.

Onthou, in alle tye die Here het jou gekies tot 'n besondere verhouding. Dit beteken Hy sal die pad enduit met jou stap sodat jy deur Christus heilig voor Hom gestel kan word.

Indien jy in jou sonde bly leef, is vandag se teks 'n oproep tot bekering. Die laaste brul van die leeu. Maar jy wat leef in 'n verhouding met die lewende God, kan weet Hy is altyd by jou. Hy vorm jou deur alles in jou lewe tot eer van sy Naam.

*Sing: Psalm 52-1:2, 4*

*Ds. DJ de Bruyn (Dirk) (Middelburg Kaap)*